Nou moet jij nog mij perde sien. Hier is die perdestal. Jaap se arm duik weer weg in 'n ander stal en daar kom eerste klas perde voor die dag, ook van klei gemaak. Jij sou dink, partij is lewendig so natuurlik lijk hulle. Gert het wel gehoor van kleiperde, maar hij kon nooit gedink het, dat hulle so mooi sou wees nie.

Hij kijk Jaap met heel ander oë aan as in Bloemfontein en hij dink werkelik, dat Jaap hom baas is op die plaas.

Gert. "Maar jij is mos 'n kunstenaar, Jaap!"

Jaap. "Ja, jong, ek het geweet, jij sal verwonder wees as jij op die plaas kom. Moenie dink, dat julle dorpenaars alleen slim is nie. Ons is ook slim op die plaas."

## LES 33.

## KOOS VERTEL.

Later sit die hele famielie bij mekaar aan tafel. Toe sê Jaap vir Koos: "Ons het jou nou al alles vertel van Bloemfontein en jij het ons nog niks vertel van Oost-Londen nie. Dis nie reg nie. Jij moet ons ook vertel, nie waar nie, Ma?"

Ma. "Ja, Koos. Dis reg. Hulle het mooi

vertel, nou moet jij weer vir hulle vertel. Kom dis die laaste aand van die jaar, wat ons so rustig bij mekaar kan sit en gesels. More is dit oujaarsdag en dan kom altemit al partij van die gaste vir die Nuwejaarsfees. Jij moet nou maar klaar maak."

Koos. "Ma, maar ek weet nie, wat ek alles moet vertel nie."

Pa. "Kom, Koos, vertel ons van die see en van die skepe. Hulle het net van lugskepe gehoor, nè Jaap?"

Jaap. "Lugskepe is darem ook skepe. Hulle het ook 'n roer en hulle het ook masjienerie."

Koos. "Nou dan sal ek maar begin bij die begin.

"Net toe julle weggegaan het naar Bloemfontein, krij ek 'n brief van Oom Andries. Hij vra mij om saam te gaan naar Oost-Londen. Hij moes op dokters order naar die kus gaan. Hij dink toe dat dit 'n mooi geleentheid vir mij sou wees om saam te gaan as Pa en Ma ook inwillig. Pa en Ma het dadelik hulle toestemming gegee en drie dae later sit ons in die trein.

"Nou, julle weet, hoe die wereld lijk tot bij Bloemfontein, daar sal ek dus maar van stil blij. Maar toe ons in die Kolonie kom, toe lijk die wereld glad anders. Op partij plekke

sien jij net rante, bome en bossies so ver as jij kan sien. Partij plekke sien 'n mens weer net gras. Dis of die gras nabij Oost-Londen groener van kleur is as hier bij ons. Misskien krij die mense meer reën daarlangs.

"Toe ons in Oost-Londen kom, lê daar die groot water voor ons. Maar dis 'n mooi gesig! As jij dit vir die eerste maal sien, verwonder jij jou oor al die water. En die branders! As die wind hard waai dan is hulle eers hoog! Alle wereld! dan is hulle hoër as 'n man. En hulle dreun, dat 'n mens dit ver kan hoor. En hulle kom aldeur naar die land. As die een brander op die strand gekom het, volg dadelik 'n ander. En dan weer een en so gaan dit aan, die hele dag, die hele nag, die hele week. Dit plots en dreun soos die wind die branders teen die rotse aan drijf.

"Soms is dit stil, dan is die branders kleiner en partijkeer is die water so stil en so glad soos die water in ons dam. Maar sout! Moenie praat nie! Jij kan dit nie drink nie. As jij gaan swem, dan kom die water partijkeer in jouw mond. Maar man, dis vreeslik! Jij spuug dit dadelik weer uit, want dis onmoontlik om dit te drink.

"Vis is daar ook baie, en krappe, en wonderlike, snaakse diere, soos seekatte. Hulle lijk

darem vir jou so lelik, dat jij daar bang voor kan word.

"Daar is ook baie skulpies in die see. Ek sal 'n partij vir julle wijs. Die strand lê vol, jij kan hulle maar optel, net soveel as jij wil hê. Daar is baie mooies bij."

## LES 34.

## KOOS GAAN SWEM.

DIE mense gaan natuurlik nie see toe om skulpies te gaan soek nie. Hulle kom om te swem, want dis baie gesond, sê die dokters. Oom Andries het ook aldag gaan swem en ek ook. Maar ek het nie goed genoeg kon swem nie, daarom moes ek op 'n plek blij, waar daar geen gevaar vir verdrink was nie. Dis die kinderbaaiplek. Daar is baie kinders op die plek. Almaal swem daar bij mekaar.

Een keer het ek tog moet lag! Daar kom 'n meisiekind so groot as Annie. Sij was maar net kort daar en wis nie hoe glad die kante van die baaiplek is nie. Sij kom en kijk naar die kinders, wat in die water is. Sij wil graag self ook gaan swem, dink ek, want sij kom al nader. Sij let nie mooi op nie en opeens, doems! daar val sij plat in die water! Wel, sij kan daar nie verdrink nie en sij staan dadelik weer

op. Maar skreeuw! Nee, kijk sij skreeuw so geweldig, dat al die kinders kom kijk, wat gebeur het. Almaal dink, daar het 'n ongeluk gebeur. En die mense op die strand het dit almaal gehoor. Hulle dink seker, daar het 'n kind verdrink. Almaal kijk vreeslik verskrik. Die Ma kom ook, sij hoor die stem van haar dogtertjie, maar sij sien haar nog nie, want daar staan baie kinders op 'n hoop. Sij hardloop soheentoe en ja, daar sien sij haar en tel haar uit die water op die kant.

Gelukkig het die kind toe gouw bedaar, maar lank het partij mense nog kom kijk en elke keer vra hulle, wat daar tog gebeur het.

Die volgende dag kom die selfde dogtertjie weer, maar nou kom sij in haar baaiklere en toe sij in die water kom, was sij glad nie bang nie. Sij het net geskrik, omdat sij met haar klere so onverwags in die see geval het.

Dis snaaks, digtebij die see staan lang rije tente. Daar blij ook mense in. Hulle woon daar in en kook hulle kos daar vlak bij. Dan is daar baie strandstoele. Hulle lijk glad anders as ons stoele. Hulle het 'n kap van bo, sodat jij in die skadewee kan sit. Dis lekker om in so 'n stoel te sit en dan maar naar die see te kijk. Daar is ook partijkeer 'n skip, wat in

die verte aankom of in die baai anker om goed op of af te laai.

Eers sien jij net die rook aan die lug. Dan kom daar 'n klein donker strepie met 'n regop strepie, wat die skoorsteen is. Dit kom al naderbij en eindelik kan jij goed sien, dis 'n stoomboot. Maar hij kom nie digtebij die wal nie, want dis te gevaarlik. Die see is nie sodanig diep nabij die strand nie en daar is ook baie rotse, wat die skip sal laat stukkend stamp as hij te na aan die strand kom.

Partijkeer gebeur dit tog, as daar storm op see is. Dan is die golwe vreeslik hoog en dan kan die kaptein van die skip nie goed stuur nie en dan kom hij soms teen die rotse te lande. Digtebij die strand lê nog 'n stukkie van 'n skip, wat daar vroeër gestrand het. Ja, dis darem gevaarlik om op 'n skip te gaan. Ek sal nie op 'n skip gaan nie. Ek blij liewers waar ek is.

## LES 35.

## SEEKATTE.

(Koos vertel Verder.)

"Aan die strand kan jij darem wonderlike stories hoor. Ons het daar 'n seeman ontmoet,

wat dikwels bij ons gesit het aan die strand. Hij was nou te oud om te vaar en hij het ons stories vertel, dat jouw hare daar penorent van staan. Een storie sal ek julle darem vertel. Dis oor Seekatte.

"Hulle is tog al te snaakse diere; hulle het ag arms en die het aan die onderkant suiers, waarmee hulle aan enige ding kan vas suig. Julle ken 'n suiervel met 'n touwtjie in die middel, wat jij kan laat vassuig aan 'n klip. Dis so: 'n klein ronde stukkie leer, wat baie sag is maak jij goed nat. In die middel maak jij 'n klein gaatjie. Daar steek jij 'n touwtjie deur. Nou druk jij die leer plat op 'n mooi stukkie gladde klip of hout. En nou kan jij maar trek, maar die leer laat nie los nie. Die klip gaan liewers saam die lug in.

"So vas suig hulle met hul arms ook aan enige dier, wat hulle wil opeet. Hulle het twee baie groot oë in hulle kop en dit maak hulle nog leliker. Omdat hulle nou so lelik is, het die mense op die skepe partijkeer baie vir hulle geskrik. Daar is partij plekke in die see, waar die water so helder is, dat jij alles kan sien swem.

"Nou swem die seekatte rondom die skip, die arms almaal deur mekaar en dit maak die matrose bang.

"So het dit gekom dat hulle allerhande

wonderlike stories van die seekatte vertel het. Een het vertel, dat hij in 'n klein bootjie was met tien matrose daarin. Toe kom daar opeens 'n groot seekat, groter as hulle nog ooit gesien het. Toe hij bij die boot kom, steek hij die ag arms uit die water uit en slinger hulle om die boot. Sij kop steek ook uit en twee oë so groot as pierinkies kijk hulle aan. Twee arms kronkel elkeen om 'n matroos en tel hulle so in die lug op. Toe word die meeste vreeslik bang. Maar gelukkig was 'n paar matrose so dapper om hulle bijl, wat naas hulle lê, te grijp. Met elke slag kap hulle 'n arm af en eindelik sak die kop weer in die water sonder sij arms. Maar hulle was nog nie dood nie. Hulle kronkel nog en probeer om 'n matroos te grijp. Met hulle roeiers gooi die matrose hulle weer in die see en so was hulle eindelik weer veilig.



"So het die seeman vertel, maar toe dit klaar was, sê hij ewe kalm: 'Julle kan maar glo as julle wil.'"

JAAP. "Was daar ook seekatte in Oost-Londen?"

KOOS. "Ja, daar was baie. 'n Paar het ek self gesien. Hulle lewe tussen die rotse, wat bokant die see uitsteek. Toe ek daar een keer naar skulpe soek en mij vooroor buig, sien ek daar een sit. Maar ek moet eerlik sê, ek het geskrik en het toe nie te lank gekijk nie."

GERT. "Hoe groot was hulle?"

KOOS. "Die arms was so groot, ek dink omtrent twee voet lank. Hulle suig aan jouw bene vas, as hulle bij jou kom. En dis baie swaar, om dan weer los te kom."

## LES 36.

## HAAIE.

DIE ou seeman het nog veel meer vertel. Hij het ook nog vertel van haaie, wat ook baie in die see is.

JAAP. "Gert het vir mij in die museum op Bloemfontein haaie gewijs. Hulle is net so lank as die tafel, en hulle het verskriklik baie tande."

GERT. "Het jij hulle ook gesien Koos?"

KOOS. "Nee, hulle kom nie so nabij die kus nie. Maar daar is darem baie van hulle in die see orals langs Suid-Afrika. Hulle is ook bij Kaapstad en Durban. Hulle is erg gevaarlik.

Daarom word die swemmers altijd gewaarskuw, om nie te ver in die see in te gaan nie, anders kom hulle in die buurt van die haaie, en word gevang. As 'n haai vlak bij 'n swemmer is, dan moet hij eers op sij rug draai. Want sij onderkakebeen is veel korter as sij bokakebeen. Die onderkant van haaie is wit en daaraan kan die mense op 'n skip sien, dat daar haaie is. As 'n haai jou een keer vashou met sij tande dan laat hij nie weer los nie. Hij kan maklik somaar jouw been afbijt, so sterk is hij.

"Die ou matroos het vir mij vertel, hoe hulle vroeër haaie gevang het. As hulle min te doen het op die skip, omdat die see stil is, dan gaan haal hulle 'n krom ijster hoek, baie sterk natuurlik. Daar bind hulle 'n groot stuk spek aan. En aan die hoek 'n lang, sterk touw. Nou laat sak hulle dit in die see.

"Daar is bijna altijd haaie rondom die skip. Hulle swem mee, omdat daar dikwels iets oorboord gegooi word, wat hulle kan eet.

"Net soos die haai die spek sien, swem hij daar naar toe, draai hom om, en hap alles tegelijk op. Net soos die matrose nou voel, dat die haai vas sit, trek hulle en partijkeer moet hulle met hulle tien man trek, om hom op die dek van die skip te krij. Daar maak hulle hom met bijle dood. Maar hij slaan so

verskrikkelik met sij stert, dat hulle net moet oppas, om nie 'n klap van hom te krij nie."

## LES 37.

## IN DIE BOORD.

"EN nou is dit tijd om naar bed toe te gaan," sê Ma. "As julle nou nog meer wil weet, moet julle moreoggend maar bij mekaar gaan sit in die boord. Altemit is daar nog rijp perskes ook, en dan solank as Koos vertel, kan die ander kinders eet."

Die volgende more is die hele kindergeselskap weer bij mekaar, n.l. Koos, Gert, Annie, en Jaap; hulle lê in die gras onder die bome, in die middel staan 'n skottel met rijp perskes en appelkose, wat Ma vir hulle laat pluk het.

KOOS. "Nou moet ons gaan sê, waar ons liewers wil wees. Ons het nou drie plekke, waar ons nou almaal iets van weet. Bloemfontein, Oost-Londen en die plaas, dis te sê: 'n stad in die middel van die land, 'n stad aan die kus en 'n plaas. Hulle sê altijd: 'Dames eerste,' daarom moet Annie begin. Dan mag Jaap praat, dan Gert en eindelik ek self. Toe Annie, begin maar."

ANNIE. "Maar ek was mos nog nooit in Oost-Londen gewees nie!"

KOOS. "Maar jij het mos alles gehoor van Oost-Londen!"

ANNIE. "Maar dis nie dieselfde of jij van iets hoor vertel en of jij dit self sien nie. Jij kan wel baie dinge vergeet het, wat ek graag sou wil sien."

GERT. "Nou ja, jij moet darem probeer, Annie! Ons sal ook probeer en ons was ook nooit in Oost-Londen gewees nie."

ANNIE. "Nou goed, maar eers wil ek 'n perske eet, want anders eet julle alles op solank as ek praat. . . .

"So, nou sal ek maar begin, maar julle moet luister en nie net naar die skottel kijk, watter die rijpste perskes is nie. As julle te veel eet hou ek op en gaan ek ook eet."

## LES 38.

## ANNIE KIES DIE PLAAS.

ANNIE. "As ek moet kies, sal ek altijd die plek kies, waar mij Ma blij. Ek wil tog liewers bij mij Ma wees. Dit was baie lekker om in Bloemfontein bij Oom en Tante te wees, maar nou ek weer op die plaas is, is ek tog te blij."

KOOS. "Maar sê nou Ma gaan trek?"

ANNIE. "Nou ja, dan sou ek saam gaan. Maar dan sal ek liewers sê, watter plek ek wens,

dat mij Ma moet blij. En dan kies ek nie Oost-Londen nie. Daar is altijd baie mense, altijd vreemdes, soos Koos sê, wat net vir 'n tijdjie kom en dan weer weg gaan. Jij ken hulle nooit nie. Die see is ook wel mooi, maar dis mos altijd dieselfde. As jij dit honderd keer gesien het, is dit maar verveelrig. En vir die storm is ek bang. Daar sal altemit 'n skip op die strand kom en dan verdrink die mense en jij kan hulle tog nie help nie. Dan sal jij maar baie sleg voel. Jij sal altijd maar droom van die mense, wat verdrink het. Nee, dis niks lekker, om daar altijd te moet blij nie.

"Bloemfontein is maar amper net so. Daar is ook baie vreemde mense, wat jij nie ken nie. En jij het altijd maar 'n klein tuintjie. Daar is geen boord met perskebome nie. En daar is so baie huise dat jij amper nie die lug kan sien nie. Hulle is so dig op mekaar gebouw, dat jij jou amper nie kan draai nie.

"Jaap, jij het nou al drie perskes geëet in die tijdjie, wat ek gepraat het. Jij moet nou stop, anders hou ek op met vertel."

Jaap. "As ek vertel, kan jij weer eet."

Annie. "Ja, as alles gedaan is, nê? Kijk hoe 'n klein bietjie is daar nog maar oor! Koos, sê vir Jaap hij moet ophou om perskes te eet."

Koos. " Hou op Jaap, anders vertel Annie nie verder nie."

Annie. " Daarom hou ek die meeste van die plaas, want as jij iets nodig het, kan jij maar dorp toe rij. Daarom is dit nie nodig om juis in Bloemfontein te blij nie.

" Nou is ek klaar en moet jij vertel, Jaap, dan kan ek eet."

Jaap. " As jij meer as drie eet, hou ek ook op. Ek sal kijk ! ".

## LES 39.

## JAAP SE STORIE.

" As ek moet skool gaan, dan woon ek liewers op die plaas. Ek ken die Meester en hou baie van hom. En die meesters van Bloemfontein en Oost-Londen ken ek nie. Daarom gaan ek liewers op die plaas skool."

Gert. " Sê nou, die Meester gaan weg ? "

Jaap. " Hij gaan nie weg nie ! "

Gert. " Nou ja, hij kan tog weggaan ! "

Jaap. " Nee, hij kan nie, want dan sou hij ons gesê het."

Koos. " Nou goed, en dan ? "

Jaap. " Maar as dit vakansie is, en Oom Piet vra ons om te kom kuier, dan wil ek graag naar Bloemfontein kom."

ANNIE. "En kort voor Krismis het jij gesê, dat jij huistoe wou? En dit het jij ook vir Tante gesê."

JAAP. "Hoe weet jij dit?"

ANNIE. "Tante het ons vertel."

JAAP. "Maar jij het gesê, jij wil ook liewers bij Ma wees."

ANNIE. "Maar dan moet jij ook nie sê, dat jij liewers in Bloemfontein wil wees nie."

JAAP. "Ja, maar net vir 'n kort tijdjie."

KOOS. "En as Oom Piet jou nie uitnooi om te kom kuier nie?"

JAAP. "En as Oom Andries mij vra, om saam te gaan in die vakansie naar Oost-Londen, dan wil ek graag naar Oost-Londen gaan."

GERT. "Nee, Jaap, dis nie reg nie. Jij moet vir altijd kies, nie net vir 'n kort rukkie nie."

JAAP. "Dan moet ek eers 'n perske eet en dink."

ANNIE. "Nee, ek het nie geëet, solank as ek vertel het nie."

JAAP. "Nou goed, dan weet ek ook al. Ek wil dan van al die plekke liewers op die plaas wees. So, nou is ek klaar en gaan ek eet."

## LES 40.

## GERT KIES BLOEMFONTEIN.

Ek sou liewers wag met kies tot na die vakansie. Nou het ek nog maar min van die plaas gesien. Dis baie lekker hier op die plaas! Die kleiosse en perde van Jaap is regte mooi! Die boord is vol vrugte! Om in die veld te rij, is baie aangenaam!

Maar Bloemfontein is darem tog .ook 'n aangename plek. Jij kan bioskoop toe gaan. Ons het 'n mooi museum en 'n pragtige dieretuin. Jij kan in die trem rij, as dit reent en as jij van die skool kom. Daar is baie skole en as jij later nog verder wil leer, dan kan jij naar die Kollege gaan. Ek dink, dis darem tog regte aangenaam om in Bloemfontein te woon.

Koos. "Maar dit het jij alles ook in Oost-Londen. Dan kan jij ewegoed Oost-Londen kies."

Gert. "Dis waar, ek is ook nog nie klaar nie. Ek dink, ek hou meer van Bloemfontein as van Oost-Londen, omdat ek Bloemfontein beter ken. Ek het daar altijd gewoon en daarom wil ek liewers daar ook blij. Altemit sou ek liewers in Oost-Londen wil blij, as ek daar altijd gewoon het.

"Nee, as ek mij goed bedink, dan moet ek sê: